NHSV Dinamies vorentoe
80 1940 - 2020
Hoofbestuur
Posbus 108, Pretoria 0001, admin@nhsv.org.za, finansies@nhsv.org.za, www.nhsv.org.za
Tel 012 325 0117 / 086 274 0466 (faks).

O P R O E P

6 MAART 2020

OMSENDBRIEF 02/2020

AAN ALLE NHSV TAKKE

Geagte dames

Die NHSV Hoofbestuur groet u en vertrou dat dit met u almal goed gaan.

Die hoofbestuur wil die volgende sake onder u aandag bring en versoek dat u asseblief stiptelik op die datums sal let:

1. 49STE NASIONALE NHSV KONGRES: 14, 15 & 16 JUNIE 2020

Lééf die Liefde
Laat julle lig só voor die mense skyn... (Mattheus 5:16)

DIE 49ste NASIONALE KONGRES VAN DIE NEDERDUITSCH HERVORMDE SUSTERSVERENIGING VIND PLAAS OP DV 14, 15 & 16 JUNIE 2020. DIE OPENINGSAAND VIND PLAAS TE GEMEENTE WONDERBOOM MARJORAMLAAN 84, WONDERBOOM-LANDBOUHOEWES & DIE KONGRES TE BATTER BOYS VILLAGE, JEUGDSTRAAT 32, MONTANA, PRETORIA

1.1 OPROEP

Die volgende persone word hiermee opgeroep na die 49ste Nasionale NHSV Kongres:

LEDE MET STEMREG
Die erepresident.
Erelede van die NHSV.
Die predikantsvroue wat deur hul onderskeie takke afgevaardig is.
Voorsitters van takke wat nie predikantsvroue is nie.
Vrouepredikante van die Kerk wat deur hulle onderskeie takke afgevaardig is.
Die vroue van beroepafwagtende predikante en proponente, eggenotes van emeriti en weduwees van predikante, indien dit deur hulle *takke* aangedui word dat hulle betrokke is by die werksaamhede van die *tak*.
Hoogstens twee afgevaardigdes van elke tak.

LEDE MET ADVISERENDE STEM.
Alle belangstellende vrouelidmate wat as waarnemers die Nasionale Kongres wil bywoon.
Die algemene sekretaris: NKHA, of sy verteenwoordiger.
'n Verteenwoordiger van die moderamen.
Die voorsitter van die Algemene Diakensvergadering, of sy verteenwoordiger.
Voorsitters van ander Diensorgane van die Kerk, of hul verteenwoordigers.

Die Nasionale NHSV Kongres neem DV op Sondag 14 Junie 2020 om 17:30 'n aanvang en duur tot Dinsdag 16 Junie 2020 om 14:00. Registrasie vind plaas op Sondag 14 Junie vanaf 16:00 – 17:00 te gemeente Wonderboom, Pretoria.

1.1.1 GELOOFSBRIEF

Hierby ingesluit vind u 'n geloofsbrief wat asseblief volledig voltooi en tesame met u besprekingsvorm en bewys van betaling na die NHSV kantoor teruggestuur moet word. U kan enige van die volgende gebruik:
Per faks: 086 274 0466
Per e-pos: admin@nhsv.org.za
U dokumente moet die kantoor voor of op **30 April 2020** bereik. Indien u die geloofsbrief faks of per e-pos aanstuur, bring asseblief die **oorspronklike getekende** geloofsbrief saam na die kongres.

1.1.2 KONGRESFOOIE

Kongresfooie beloop R880,00 per persoon vir alle kongresgangers insluitend waarnemers van takke.
Vroue van emeriti en predikantsweduwees kan die kongres gratis, as waarnemers, bywoon mits hulle nie deur hul takke as lede met stemreg afgevaardig is nie.

Bankbesonderhede kan op die besprekingsvorm gevind word.

Kongresfooie word gebruik vir onder andere kongresboeke, sprekers en kunstenaars, middag- en aandetes, tee, huur van perseel, administrasiekoste ensovoorts.

1.2 SPESIALE BARMHARTIGHEIDSPROJEK

Kongresgangers word versoek om nou reeds te begin om Toiletware en benodigdhede vir tienerdogters (bv sanitêre doekies, deodorant, handeroom, ens) bymekaar te maak sodat u dit na die Nasionale Kongres kan saambring. Meer volledige inligting hieroor sal later volg.

1.3 VERBLYF

Kongresgangers kan van gastehuise en ander verblyf in die omgewing van Montana gebruik maak. Kyk gerus ook op www.lekkeslaap.co.za of www.airbnb.com se webblaaie vir meer volledige inligting in verband met akkommodasie. Daar is 'n keuse van gastehuise, bed en ontbyt, hotelle, selfsorgeenhede ens. Kongresgangers is self verantwoordelik vir verblyfreëlings.

NHSV groete

(get) WILNA KOEKEMOER
SEKRETARIS
NHSV HOOFBESTUUR
oproep'20